*UIT DIE PEN VAN DIE CEO (15/24)*
**(Volg my op X justchad_cga)**
*Justin Chadwick 12 April 2024*

***"Half the world is composed of people who have something to say and can't, and the other half who have nothing to say and keep on saying it." Robert Frost***

## INTEGRASIE, SAMEWERKING, INLIGTING EN KOMMUNIKASIE (MITCHELL BROOKE)

Die 2024-seisoen se uitvoerskattings is 'n aanduiding dat die toename in produksie oppad na Vision 260 inderdaad 'n werklikheid is. Ons kan nie wegskram van die feit dat baie vrugte binnekort uitgevoer gaan moet word nie. Hoe kan dit nie, aangesien die boomsensusdata en langtermyn-oesprojeksiemodel (om nie uit te laat wat ons met ons eie oë sien nie) die aantal hektaar wat oor die laaste paar jaar geplant is, beklemtoon. Deur analises kan ons bepaal dat daar voldoende hektaar bome is om 185 miljoen 15kg kartonne vir uitvoer op korttermyn te produseer. Dit is egter te verstane dat faktore wat positief of negatief bydra tot die aantal kartonne wat uitgevoer word, sal bepaal of so 'n volume van seisoen tot seisoen uitgevoer gaan word. Die totale skatting vir 2024 is net meer as 180 miljoen kartonne ('n toename van 10%), maar dit sal deur oes en markdinamika bepaal word, soos die seisoen vorder. Vanuit 'n korridor-perspektief, is die skatting van die noordelike streke van 91 miljoen kartonne op vanaf 'n basislyn van 82 miljoen kartonne (toename van 11% op die oostelike korridor). Die Oos-Kaapse skatting van 52,5 miljoen kartonne is op vanaf 47,5 miljoen kartonne (toename van 10% op die sentrale korridor) en die Noord- en Wes-Kaap streke se skatting van 38 miljoen kartonne is op vanaf 36 miljoen kartonne (toename van 6% op die westelike korridor). Dit is belangrik om daarop te wys dat die CGA-inisiatief rondom integrasie, samewerking, inligting en kommunikasie van kardinale belang is wanneer dit by logistiek en verskeping kom. Gegewe die infrastruktuur-, kapasiteit- en toerusting-eise wat die bedryf in die gesig staar (nou en in die toekoms), gekoppel aan die probleem van hawe houer-terminaal produktiwiteit en bedryfsuitdagings, sal die bedryf en logistieke diensverskaffers hierdie inisiatief sterk moet ondersteun. Die CGA en FPEF werk saam om hierdie inisiatief te dryf om 'n omgewing waar inligting gedeel word, te bevorder, ten einde die identifikasie van brandpunte in die ekostelsel moontlik te maak. Dit sal gebeurlikhede en probleemoplossingsmeganismes bekendstel om geïdentifiseerde beperkings te oorkom. Nouer samewerking word beskou as 'n noodsaaklike meganisme om te verseker dat die logistieke en verskepingsvermoëns in staat gestel word om die bedryf vorentoe te dra. As ons suksesvol is, wen almal moontlik – veral SA Inc. Ons soek ook baie meer samewerking oor twee belangrike korttermyn strategiese projekte. Eerstens is daar geen wegkom kans van die feit dat die vervoer van sitrus per spoor vanaf die binneland en hawegebiede, fundamenteel belangrik is nie. Vir hierdie doel het die CGA die diens van die voormalige *Transnet Freight Rail Executive* Jan-Louis Spoelstra gekontrakteer om die sitrusbedryf te lei op die veranderende spoorlandskap, en om die pad te navigeer vir progressiewe implementering van spoor-belynde projekte. Die CGA sal 'n reeks aanlynvergaderings koördineer waar Jan-Louis opdaterings oor die spoorbeleid en hervormingslandskap sal verskaf. Hieruit verwag ons 'n duideliker pad na broodnodige vastrapplek in spoorontwikkeling. Tweedens het die CGA en FPEF ooreengekom om 'n werksgroep te koördineer wat in lyn is met die ontwikkeling van die uitvoer van toenemende volume sitrus vanaf die Maputo-hawe. Ons het gesien hoe 'n beduidende hoeveelheid houers sitrus in 2023 vanaf Maputo na die Midde-Ooste en Bangladesj verskeep is. Op korttermyn kan dit verhoog en uitgebrei word na meer bestemmings in groter Asië, Verre-Ooste en Suidoos-Asiatiese lande wat nie DALRRD-inspeksies of koue behandelingsmaatreëls vereis nie (d.w.s. Maleisië). Verskepingsdienste na hierdie streke is reeds daar. Die toekomstige uitbreiding van uitvoere vanaf Maputo lê by die ontwikkeling van infrastruktuur en kapasiteit om uitvoere moontlik te maak na markte wat wel bykomende maatreëls vereis; in die besonder maar nie beperk tot China nie. Ons sien hierdie nuwe werksgroep as die dryfkrag agter hierdie ontwikkelings vorentoe.

***THE CGA GROUP (CRI, RIVER BIOSCIENCE, XSIT, CGA CULTIVAR COMPANY, CGA GROWER DEVELOPMENT COMPANY & CITRUS ACADEMY) ARE SUPPORTED BY AND WORK FOR THE CITRUS GROWERS' ASSOCIATION OF SOUTH AFRICA***